

## KOMMENTAAR OP 'N BEWERING DAT SIENER VAN RENSBURG BOER EN AFRIKANER TEGELYK WAS.....



Siener en andere was in 'n effens ander situasie. Met die koms van die Unie van Suid-Afrika was die politieke cliché van die dag, Afrikanereenheid om die mag in die hande van die Afrikaanssprekendes te hou, teenoor die Engeslsprekendes. Die Boere was 'n oorwonne volk en het gehoop om met selfregering darem iets te beteken. Jy sê dit raak, hulle het hulle as "Boer en Afrikaner" gersien. Om daardie rede.

Net so het die Boere hulle die Afrikanerrepubliek van dr Verwoerd laat welgeval want ons was onder die Engelse Empire uit. Daardie republiek was egter nooit die herstel van die Boere-republieke nie, eerder 'n inkorporering!

Wat ons situasie anders maak is dat De Klerk en koe daardie einste NP-republiek op 'n skinkbord weggegee het. Ook daardie gebiede wat as Boere-republieke bekend gestaan het. Vrywillig en sonder dwang. Dir het 'n einde gebring aan die Afrikanervolk. En as die Afrikaner as volk wil aspireer vir grondgebied, moet dit wees vir die herstel van daardie veelrassige republiek.

Die aspirasies van die Boerevolk is anders. Geen volk kan bestaan sonder grond gebied nie. Dit was die Boere-republieke wat in 1902 ten gronde gerig is deur 'n uitwissingsoorlog. Die Afrikaners het op daardie tydstip geen grond gehad nie. Hulle heimat was in die Kaap. Baie van hulle het nog aan die kant van Engeland teen die Republikeine kom veg! Hulle het eers 'n volk geword met daardie Republiek van 1961- 1994

Ons Boere wil die Boere-republieke terug hê. Wat wil die Afrikaners hê- 'n lappie aarde, iewers waar hulle 'n Volkstaatjie kan hê en selfbeskikking met die toedtemmong van 'n vyandige owerheid. Dit is nie vryheid nie. Dit is selfmoord!